Privaatsak X1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

OMSENDBRIEF 2021-8

Ons waarde vir die maand: Eerlikheid

27 Mei 2021

Beste ouer / voog

MNR LEO EHLERS SE AFSTERWE

Ons wil ons innigste simpatie uitspreek teenoor Juf Magda Ehlers, haar kinders en die familie met die afsterwe van Mnr Leo Ehlers. Mnr Leo het diep spore getrap hier by AG Visser en sy nalatenskap sal vir baie lank onthou word. Ons wens die familie baie sterkte toe en glo dat die Here se genade hulle sal dra deur hierdie baie moeilike en hartseer tyd. Sy begrafnis is vandag, maar weens COVID-19 is slegs ‘n beperkte aantal mense genooi.

EKSAMEN EN FORMELE ASSESSERING

Soos u weet skryf Graad 4-7 leerders hierdie kwartaal eksamen. Ons wys u daarop dat deurlopende assessering gedurende die kwartaal baie belangrik is, aangesien dit die grootste bydrae lewer tot die leerders se finale punte. Take, opdragte en toetse vorm deel hiervan en dus doen ons ‘n beroep op u om seker te maak dat u kind sy/haar take doen, hard leer en sy/haar huiswerk doen. Verder is dit belangrik dat leerders gereeld skool toe kom om te verhoed dat hulle agter raak of werk verloor.

Leerders gaan binnekort die eksamen-afbakenings en eksamenrooster ontvang. Graad 7 leerders begin op 14 Junie met eksamen en die Graad 4-6 leerders op 18 Junie 2021. Graad R-3 leerders doen deurlopende assessering en sal vroegtydig deur die klasonderwyser ingelig word van belangrike datums.

MASKERS

Dit gebeur al hoe meer dat leerders sonder maskers skool toe kom of dit nie dra as hulle van openbare vervoer gebruik maak nie. Midde die derde vlaag van die virus, doen ons ‘n dringende beroep op u om seker te maak leerders voldoen aan die COVID-19 protokol om die verspreiding van die virus te beperk. Ons leerders se veiligheid is vir ons prioriteit en daarom het ons almal se samewerking nodig.

Ons bedank u vir u samewerking.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof